

**Donderdag 14 Junie**

**Skrifgedeelte: Nehemia 1:1-4**

**Fokusgedeelte: Nehemia 1:1-4**

## Waarheen vlug ons?

Dit gebeur dikwels dat ons werklik hartseer nuus kry. Ons moet hoor dat 'n ellendige ding met ons geliefdes gebeur het, of ons kry slegte nuus, en dit is ander wat van ons swaarkry moet hoor. Die Woord van God belowe nêrens dat die lewe vir ons eenvoudig sal wees nie; intendeel, ons lees in Genesis 3:17 dat die aarde ná die sondeval vervloek is, en dat ons met swaarkry 'n bestaan sal maak.

So 'n nuusberig, 'n hartseer berig, wat swaar is om aan te hoor, bereik Nehemia, die skinker van die Persiese koning, in die stad Susan in Persië. Van Susan af na Jerusalem was selfs vir die sterkste stappers meer as 'n maand se stap; dus was Nehemia nie net hartseer oor die nuus dat Jerusalem se mure plat gelê het nie, hy was ook magteloos. Wat doen Nehemia in hierdie oomblik van hartseer magteloosheid? Hy vlug nie na 'n tydelike, aardse troos nie, hy vlug na die Here.

Waarheen vlug ons as gelowiges as slegte nuus ons ore bereik, of as ons die onderwerp van slegte nuus wat ander hoor? Ons moet keer op keer na die Here toe vlug, by Hom is daar ware en opregte troos, en net Hy kan 'n oplossing bewerk vir hierdie slegte nuus wat ons bereik het.

*Sing: Psalm 144-1:1, 4*

*Teologiese Student PJ (Paul) Maritz*